# NED. GEREF. GEMEENTE REEBOK
# SONDAG, 3 OKTOBER 2021

**Hou die aankondigings naby u Bybel**
**dit is ons gebedsgids**

**VANDAG SE PROGRAM**
**BIDDAG VIR BEJAARDES**

**Erediens:** Ds Dirk Heyneman
**Skriflesing:** Deut 34:1-12 (1983 vertaling)
**Tema:** *"Voetspore"*
**Spesiale Deuroffer:** Hartenbos Versorgingsoord
Geen kategese of kleuterkerk a.g.v. skoolvakansie
*[Ds Chris de Wet neem hierdie naweek die begrafnisdiens waar in Pretoria, van 'n tante van sy vrou, Lucretia.]*

**VOLGENDE SONDAG, 10 OKTOBER 2021**
**BESOEK DEUR DIE GIDEONS – MOSSELBAAI LAER**

**Erediens:** Ds Dirkie de Vries
**Spesiale Deuroffer:** Gideons Mosselbaai
*[Ds Chris de Wet is volgende naweek betrokke by die belydenisklaskamp, te Bonniedale Vakansieplaas.]*

***OMGEE VIR MEKAAR....***

- **Alma Bredenkamp**, van Reebok (R4), is tuis baie ernstig siek.
- **Nelie van der Linde**, van Tergniet (T7), wat behandeling ontvang.
- **Mike Scriven**, van Reebok (R3), wat tuis erg verswak is.
- **Nellie Kellerman,** van Fraai-Uitsig (F12), sterk by die huis aan na hospitalisasie.
- **Karel Scholtz,** van Fraai-Uitsig (F14), is tuis siek.
- **Jan Rabie**, van Reebok (R22), is tuis ernstig siek.
- **Tom Sibthorpe,** van Reebok (R10), sterk tuis aan na 'n operasie.
- **Louise Boshoff,** van ons Buitewyk, ondergaan die komende week 'n knievervangingsoperasie in Mosselbaai**.**
- **Marie Verwey**, van Reebok (R11), sterk aan na 'n skouer-operasie en hulle dogter, Ronel Foster, wat die afgelope Donderdag 'n nieroorplanting ondergaan het, wat deur haar man Gareth geskenk is.
- **Sias Meyer,** van Reebok (R5), sterk by die huis aan na hospitalisasie.

- **Johan Spies**, van Reebok (R17), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Clive Weldon**, van Reebok (R17), sterk tuis aan na 'n nekoperasie.

*Ons betuig ons innige meegevoel met die volgende lidmate wat in die afgelope week dierbares aan die dood afgestaan het:*

- ***Gert en Delia van Rooyen**, van Reebok (R18), met die dood van hul skoonseun in 'n motorongeluk verlede Donderdag in Polokwane.*
- ***Blackie en Maryna Swart**, van Reebok (R17), met die heengaan van Maryna se moeder in die ouderdom van 95 jaar in Frankfort in die Vrystaat. Sy word Dinsdag in Centurion te ruste gelê.*
- ***Annamarie Potgieter**, van Reebok (R16), met die skielike heengaan van haar man, Pottie aan 'n hartaanval die afgelope Woensdag.*

- ***Gawie en Nellie Kellerman**, van Fraai-Uitsig (F12), verhuis die komende week na 'n aftree-oord in Durbanville. Ons bid hulle die seën van die Here toe.*

***VERJAARSDAGWENSE...***

*Baie geluk aan almal wat vandag en in die komende week verjaar!*
*Spesiale verjaardagwense aan.....*
***Willie Campbell**, van Tergniet (T1), wat op 5 Oktober sy **82ste** verjaardag vier,*
***Lydia Gillmer**, van Fraai-Uitsig (F6), wat op 7 Oktober haar **84ste** verjaardag vier,*
***Ds David Steyn**, van Fraai-Uitsig (F2), van op 7 Oktober sy **84ste** verjaardag vier,*
***Annette Nell,** van Reebok (R24), wat op 8 Oktober haar **82ste** verjaardag vier en*
***Erna Bruwer**, van Reebok (R4B), wat op 9 Oktober haar **88ste** verjaardag vier.*

**ALGEMENE INLIGTING**
**KOORLEDE**

'n Baie spesiale uitnodiging aan al ons koorlede en ook nuwe lede wat wil saam sing. Ons begin weer in alle erns met kooroefeninge met die oog op ons jaarlikse **Kerssangdiens wat DV Sondag 21 November 2021 om 19:00** in ons kerkgebou plaasvind. Elke koorlid wat veilig en gemaklik voel om weer te kom oefen word dus hartlik uitgenooi na ons eerste kooroefening om **Donderdag, 14 Oktober 2021 om 16:30** by die orrel. Ons sal dalk meer dae in die week moet oefen aangesien daar net ses Donderdae voor die 21ste November oor is. Ons vertrou die Here volkome dat Sy Wil sal geskied sodat ons Kerssangdiens wel sal plaasvind. In jy weet van iemand wat wil kom saamsing, hetsy van 'n ander gemeente bring hom of haar saam. Kom ons wend 'n groot poging aan om van ons Kerssangdiens 'n lofprysingsaand te maak.

## GROOT-BRAKRIVIER – 'KRY & KUIER GEMEENTEFEES

Op Saterdag, 30 Oktober 2021, om 10:00 bied Groot-Brakrivier Gemeente 'n *Gemeentefees* by die kerksaal aan. Van 10:00 af kan u heerlike kerrie en rys, pannekoek, poeding, roosterkoeke, worsbroodjies, sosaties, jaffels en boerewors-rolle kry. *Plaas u bestelling voor 25 Oktober by hulle kerkkantoor tel – 044 620 2205*. Daar gaan ook 'n vleistafel, groente-tafel en 'n tafel vir heerlike gebak wees. Moet nie hierdie Gemeentefees mis nie.

## 5-SENT BYBELVERSPREIDING

Ons Kerk se 5-sent en sy boeties se Bybelverspreiding gaan steeds voort. Bring u kopergeld vir ons Skriba/Kassier of plaas dit in die kollektebussie in die voorportaal. Ons koop Bybels daarmee en versprei dit orals waar die noog hoog is. Daar is heelwat plekke waar Reebok se 5-sent al Bybels versprei het. Ons wil graag hiermee volhard.

## NUTSMAN – HARTENBOS BEJAARDESORGDIENS

Hartenbos Versorgingsoord is 'n program van Badisa, 'n gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk [Wes-Kaapland] en VGKSA [Kaapland]. Aansoeke van entoesiastiese, verantwoordelike en gemotiveerde persone word vir hierdie betrekking ingewag.

Die aangewese kandidaat sal regstreeks aan die Bestuurder rapporteer en vir die volgende verantwoordelik wees:

**Posvereistes:**

- Uitvoer van instandhoudingstake aan die geboue en op die terrein
- Kontroleer die Instandhouding van voertuie
- Netheid van die terrein
- Vervoer van bejaardes
- Administratiewe take verbonde aan die pos.

Die ideale kandidaat beskik oor toepaslike tegniese vaardighede en 'n geldige rybewys.

**Vergoeding:**
'n Onderhandelbare salaris, aangevul deur 'n mediese- en aftreeskema en ruim verlof.

**Diensaanvaarding** : So spoedig moontlik

**Rig volledige CV, voor 30 September 2021 aan**:
Die Bestuurder, Hartenbos Bejaardesorgdiens
e-pos: bejaarde3@telkomsa.net

***Ten einde die weeklikse aankondigings elke Vrydag elektronies te ontvang, gee gerus u e-pos-adres aan die kerkkantoor deur.***

## PREDIKANTE INLIGTING

**Ds. Gerhard van Dyk**

Kontakbesonderhede: 082 375 2944.
E-pos: gerhardvandyk1@gmail.com
*Ds Gerhard sien om na die wyke in Klein-Brakrivier, Fraai-Uitsig en die Buitewyk.*
*Ds Gerhard is met verlof van 3 tot 13 Oktober 2021. Skakel in dié tyd asseblief vir ds. Chris in geval van siekte of nood.*

**Ds. Chris de Wet**

Kontakbesonderhede: 044 696 5827 / 083 631 9383.
E-pos: tcdewet1@gmail.com
*Ds Chris sien om na die wyke in Reebok*.

**Dr. Kobus van Zyl**:

Kontakbesonderhede: 064 591 3676 / 066 434 4254
gebedswag7@gmail.com
Opdrag en Taak: Missionale Gebedsbediening in Afrika
*Dr Kobus sien om na die wyke in Tergniet.*

## KERKKANTOOR INLIGTING

**KANTOOR-URE**

Maandag (10:00 – 12:00), Woensdag en Vrydag (08:00 – 12:00)
Impalalaan 58, Reebok. Posbus 391, Klein-Brakrivier, 6503.
Skriba/Kassier: Martina van den Berg
Tel / Faks: 044 696 6685.
E-pos: ngreebok@telkomsa.net

**BANKBESONDERHEDE**

ABSA, NG KERK REEBOK
REK. NR.: 404 908 7902
Indien u 'n dankofferbydrae d.m.v. debietorder of internetbankdienste gee, gee as verwysing u **van en wyksnommer**. (Bv. Meyer R4)

**ORRELIS EN KOSTER**

**Orrelis:** Hester Krige – 044 696 6594 /083 417 4002
**Koster:** Jurg Oosthuizen – 044 696 6176 / 082 788 9707

**WEBWERF : www.ngkreebok.co.za**

Gaan besoek ons gemeente se webwerf en volg die skakels om weekliks Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang.
Vir navrae kontak vir Klaus Oellrich by klaus@omnivision.co.za